**Teksgedeelte: Kolossense 3:15-17**

**Teksverse: Soos bo**

**Tema: Die erediens (van die lewe) is `n lied. Leer, onderrig en wys mekaar tereg deurdat jy Christusgesentreerd en Geesvervuld sing!**

Daar is altyd iets positief en negatief in musiek. Musiek kan ons opbou, dit kan ons gelukkig maak. Ons kan daaruit leer en op hierdie manier groei terwyl dit ons gedagtes fokus op die goeie. Aan die ander kant, kan musiek ons ook depressief maak. Dit kan woede aanhelp, ons besoedel en ons gedagtes rig op die bose. Dink maar net hoe gereeld musiek jou emosie beïnvloed.

Soveel te meer nog as dit gaan oor die liedere wat ons as die kerk van die Here sing! Dit kan positief of negatief wees en dit verklap ook ontsettend baie van ons ingesteldheid teenoor die Here. Paulus leer ons in werklikheid iets besonders daaroor in Kolossense 3:15-17 en Efesiërs 5:18-19. Hy begin deur ons musiek en sang te koppel aan ons verhouding met God Drie-Enig.

Luister weer mooi wat hy ons leer: Hy leer ons eerstens dat die boodskap van Christus in sy volle rykdom in ons moet bly. Ook leer hy ons dat die Heilige Gees ons moet vervul. Dit is eers nadat hy ons hierdie twee waarhede geleer het, wat hy oorgaan om te sê wat ons moet sing.

Sien, jou houding en ingesteldheid teenoor sang, verklap ontsettend baie oor jou verhouding met Jesus Christus en die Heilige Gees. Soveel te meer nog as dit kom by die sang en musiek in die gemeente en in ons eredienste! Wanneer die Woord van Jesus Christus en Wie Hy is in jou bly, kan jy nie anders nie as om met dankbaarheid die Here te wil loof en prys nie. Wanneer die Heilige Gees jou vervul, is dit `n vreugde en blydskap om die Here te loof en wil jy Hom loof met alles in jou. Wanneer jy in `n lewende verhouding met Jesus Christus en die Heilige Gees staan, kan en wil jy bloot aanhou om God te loof en te prys.

Maar die teendeel is ook waar. Wanneer dit vir jou `n uitdaging en amper `n straf is om God te loof en te prys, moet jy werklik vra hoe dit gaan in jou verhouding met die Here. Bly die Woord van Jesus Christus werklik in jou? Oordink jy dag en nag die Woord van God en is dit die lewensaar vir jou lewe van elke dag? Wanneer die sang in ons eredienste bloot net `n formaliteit vir jou raak, moet jy ernstig dink oor waarmee jy besig is. Dan word elke frase van “Ek sal met hart en mond, o Heer...” en “Ek wil die Here loof en prys...” hol woorde. Dit is dan wanneer lofprysing van God die misbruik van die Naam van die Here word. Dit is dan wanneer ek die derde gebod aanhoudend oortree, want ek dink nie oor wat ek sing nie. Ek is dan in werklikheid `n stuk metaal wat geraas maak.

In Openbaring 4 en 5 is daar `n besonderse lied wat juis hierdie verhouding duidelik maak. Daarin hoor ons dat wanneer ons God Drie-Enig werklik ken, ons nie kan

stilbly nie. Dan wil ons Hom loof en bepaal ons verhouding met Hom presies wat ons sing. Kom ons sing hierdie lied saam:

***Sing Sb. 1-2: 1, 2, 3***

Tog is ons lofprysing nie net gerig om God nie, maar ook op die mense rondom ons. Ons sing as gemeente en daarom dat dit wat ons sing – of nie sing nie - `n invloed het aan die lidmate wat saam met my in die erediens sit. Daarom dat Paulus ons oproep om mekaar te leer en vermaan met psalms, lofgesange en ander geestelike liedere.

Wanneer ek dus met oorgawe God loof en prys, getuig ek daarmee teenoor die mense rondom my waarin ek glo. Dan is my lofprysing ook iets waarmee ek my broers en susters in die geloof mee leer Wie God is. Dit is dan wanneer ek hulle leer van die regverdigheid, heiligheid, reinheid, almag en heerskappy van God. Dit is daarmee wat ek hulle kan aanspoor en teregwys om heilig te lewe uit dankbaarheid. Dit is daarmee dat ek hulle terugroep om te lewe soos God wil hê ons moet lewe en waarmee ek hulle aanmoedig om die "blye tyding" te laat hoor van die "bevryding" wat God gee.

Wanneer ek egter stilbly en weier om te sing, omdat ek moedswillig is, ontneem ek die mense rondom my daarvan. Dan is ek juis nie besig om ander van die Here te leer nie en getuig ek ook nie van die Here nie. Dan ontneem ek myself daarvan om deur ander geonderrig te word en breek ek in der waarheid die gemeente af, deurdat ek nie help om te bou nie.

Sien, die musiek en sang in ons eredienste is nie `n privaatsaak tussen my en die Here nie. Dit is `n intens persoonlike geleentheid wat ek met my broers en susters deel sodat ek hulle kan opbou in die geloof en waarmee hulle my kan opbou in my geloof. Die psalm, skrifberymings en gesange wat ons in die erediens sing is net soveel deel en net so belangrik soos hierdie preek wat ek preek.

Psalm 116 sing juis daarvan dat ons as `n eenheid God moet loof en prys vir die genade wat Hy aan ons bewys het. Kom ons leer en onderrig mekaar deur mekaar daarop te wys dat dit wat ons sing, juis mekaar ook moet opbou, deurdat ons Psalm 116: 1, 7, 10 te sing.

***Sing Psalm 116-1: 1, 7, 10***

My broers en susters, wat en hoe jy sing is `n harde getuienis oor hoe jou verhouding met Jesus Christus en die Heilige Gees lyk. Dit wat jy sing word aangevuur en gemotiveer deur jou elke daagse lewe in verhouding met God. En wanneer ons in die eredienste saam sing, het dit ook `n invloed op mekaar. Kom ons begin om met oorgawe en begrip in ons eredienste God te loof en te prys terwyl ons mekaar leer en onderrig.

Amen